Katete Jeugprojek

Katete Boarding Sec. School
P.O. Box 550018
Katete
ZAMBIA

Sel (B) : +260 955233965
Sel (C) : +260 977933525

E-Pos : bckatete@gmail.com

Liewe Vriende, Voorbidders, Ondersteuners, Belangstellendes,

NUUSBRIEF 3 van 2010.

Uiteindelik! Ons volgende nuusbrief. Hierdie sal ook ons laaste een wees vir die jaar. D.V. oor drie weke is ons by die huis vir ons jaarlikse verlof. Hierdie keer is daar nie ‘n amptelike deputasie program nie en sal ons dus ongelukkig ook nie by meeste van julle kan uitkom nie, maar ons sal darem hopelik hier en daar by iemand of by ‘n gemeente kan uitkom. Die Getuieniskantoor beplan wel ‘n geleentheid waar verteenwoordigers van verskillende gemeentes en individue wat belangstel, ons sal kan ontmoet en kan kom met vrae, voorstelle, besware, bemoediging, ens. Dit sal waarskynlik redelik vroeg in die nuwe jaar wees want teen 20 Januarie moet ons al weer in die pad val terug Zambië toe. Ons sal meeste van die tyd op Lichtenburg wees waar ons huis (en kinders !) is. Ons huisnommer is 018 6320866, indien iemand ons graag wil kontak.

In hierdie nuusbrief wil ons graag ‘n terugblik gee oor die jaar wat (amper) verby is en kortliks probeer verslag gee oor waarmee ons ons besig gehou het die afgelope jaar en in die proses iets deel oor wat vir ons hoogtepunte en laagtepunte was.

1. Ons hoofaktiwiteit was **betrokkenheid by Katete Boarding School** waar ons gestasioneer is. Dit bly ‘n voorreg om kennis en insig en vaardighede wat ons deur die genade van die Here opgedoen het, met die skooldogters, en ook met kollegas te kan deel. Tussen my en Christien het ons op ‘n stadium al 5 die Graad 12 klasse voor ons gehad. Natuurlik is daar diegene wat hulle nie veel steur aan dit wat mens vir hulle probeer leer nie, maar tog is daar diegene in wie se lewens mens kan sien dat daar geestelike verdieping en verandering gekom het. Dis ons gebed dat hulle die gesonde geestelike beginsels wat hulle geleer het, sal kan toepas in hulle lewe na skool.

Christien met’n klompie van haar “kinders.”

Veral vir Christien was dit nogal hartseer om haar registerklas, Gr. 12M, wat sy vanaf Gr. 10 gehad het, te sien gaan. Daar is soveel in hulle ingebou oor die afgelope drie jaar en van hulle het regtig vir haar amper soos haar eie kinders geword en ons sien met

verwagting uit na hulle toekoms! Ek het ook twee klasse vanaf Graad 10 gehad, naamlik een vir Geskiedenis en een vir Christian Religious Education. Gr.12P het ek, toe hulle in Gr. 11 was, gekry vir R.E. en vir die afgelope kwartaal het ek ‘n onderwyser wat op verlof was, se Gr12R klas gekry, ook vir R.E. Dit was dus nogal hartseer om hulle te sien gaan, maar ook ‘n hoogtepunt omdat jy weet jy het gehelp om hulle daar te kry en dat jy tog in hulle lewens nie net kopkennis nie, maar ook lewensbeginsels, wat gegrond is op God se Woord, ingebou het.

Die Graad 12’s se “uitpasserings parade”, die eerste keer dat hulle op die prysuitdelingsdag as klas spesiale aandag gekry het.

Sommige van die personeel wat ook aan die parade deelgeneem het. Akademie is vir hulle baie belangrik en hulle dra dit met trots, ook o.a.om vir die skoliere te motiveer om ook eendag so ‘n toga te kan dra. Die met groen togas is die ouens met grade, die ander togas is diegene wat diplomas het. Die man heel voor met die grys toga is die voorsitter van die skool se beheerraad en spog met ‘n M-graad in Ekonomie !

Dit is wel so dat ons volgende jaar minder betrokke by klasgee wil en moet wees. Ons moet by ander skole en aktiwiteite ook uitkom en ons kan nie as ons voltyds skoolhou nie. Ons het reeds die saak met die skoolhoof en onderhoof bespreek en hulle verstaan en sien in dat ons nie so vas by die skool moet wees nie en selfs al is daar ‘n groot behoefte in een of ander vak, kan ons nie altyd vir ander mense instaan nie. Ons is eintlik al reeds addidioneel tot die personeel, want ons vul niemand se pos hier nie.

‘n Groepie dogters langs die pad wat die parade dophou.

Verder was Christien baie nou betrokke by die Red Cross Society en ook by die Prefekte. Daar was in die verlede baie min aandag aan die prefekte gegee en daar is dikwels gekla oor hoe swak hulle was, maar sonder dat daar ooit regtig leiding aan hulle gegee is oor wat hulle verpligtinge is en hoe hulle dit kan uitvoer. Christien het haar dus, vanaf einde 2007, met die prefekte begin bemoei en gesorg dat daar vir hulle behoorlike leiding gegee word en het sy gereeld met hulle vergaderings en gesprekke gehad oor watse probleme hulle ondervind

en hoe dit aangespreek kan word. Hoewel daar kollegas is wat maar nog steeds maklik kritiseer, is daar tog diegene wat raaksien dat daar ‘n groot verbetering gekom het in die skool se dissipline en die manier hoe sake hanteer word. Daar is nou ‘n prefekte komitee waarvan Christien die sekretaresse is, en die komitee sal nou met leiding aan die prefekte aangaan. Volgende jaar wil sy egter nie meer op die prefekte komitee dien nie, want dit neem heeltemaal te veel tyd in beslag. Dis ook reg so want die gedagte rondom ons hierwees is nie om oor te neem nie, maar om te ondersteun en te probeer om dinge so in plek te kry dat ander mense by ons kan oorvat en aangaan, selfs al doen hulle nie goed soos ons dit graag sou wou gedoen gehad het nie.

Ons is ook albei betrokke by die “Religious Affairs Committee” wat godsdienstige aktiwiteite vir die dogters moet ko-ordineer. Ons plaaslike dominee is die voorsitter en dan is daar ook nog een ander onderwyser op die komitee, asook die twee “Religious Prefects.” ‘n Groot hoogtepunt was die uitstekende werk wat deur Hellen en Magdalene, die twee “Religious Prefects” gedoen is die afgelope jaar – twee baie getroue, geestelik volwasse en toegewyde kinders van die Here. Ons is ook bly om te kan noem dat dit tog lyk asof daar onder van die dogters ‘n toenemende besef is dat geloof nie op emosie gegrond is nie, maar op die Woord. Dit het ons in laasweek, toe ons ‘n vergadering met verskillende groepe se leidsters gehad het, agtergekom deurdat van hulle laat blyk het dat hulle graag meer diepgaande Bybelkennis wil hê. M.a.w. hulle besef dat geestelike groei afhanklik is van diepgaande Bybelstudie en ‘n verstaan van die Woord, en nie net van liedjies en “vreeslike” gebiddery nie. (Ons sukkel nog met die algemene manier waarop daar hier gebid word, waar die Naam van die Here dikwels herhaal word, soms 2 – 3 keer in een sin en amper elke sin word gebid “in the Mighty Name of Jesus Christ.”) Nou anderdag bid een “We have sinned against you in so many ways, in the Mighty Name of the Lord Jesus Christ . . . ”

2. **Die R.C.Z. Education Board**

Ons dien albei op die Reformed Church in Zambia se Education Board. Die rede waarom die Board in die lewe geroep is, is om na die 15 skole wat aan die RCZ “behoort,” om te sien en verantwoordelikheid te neem vir verskeie aspekte van elke skool, soos bv. aanbevelings rondom die aanstelling van hoofde en adjunkhoofde. Verder om riglyne of gedragskodes vir personeel en leerlinge van hierdie skole op te stel en die implementering daarvan te monitor. Verder is ons ook ‘n adviserende raad vir die Sinode in sake rakende onderwys aan hierdie skole. Hoewel hierdie Board tog al ‘n paar dinge bereik het, is daar maar baie frustrasies rondom die funksionering van die Board. Behalwe vir toelaes wat ons, op ongereelde basis vanaf die regering kry vir hierdie skole, is ons fondse beperk en is daar baie gate wat toegestop moet word. Die Finans sub-komitee is dus in die lewe geroep om te help met fondsinsameling, maar daar het die hele jaar niks gebeur nie. Die Board as sulks het ook die hele jaar nie een keer vergader nie, maar die Uitvoerende Komitee (waarvan ek doe ondervoorsitter is) darem twee keer. Die “Sub-Committee for Spiritual and Academic Development” waarvan Christien die voorsitster is, het darem ook twee keer bymekaargekom en sinvolle besprekings gehad en besluite geneem. Soos die naam aandui, wil hierdie sub-komitee aandag gee aan die geestelike en akademiese lewe van die RCZ se skole. Ons betrokkenheid by die Board was dus vir ons ‘n teleurstelling vanjaar. Dit het soveel potensiaal, en bied soveel geleenthede om “amptelik” by skole

betrokke te kan raak, maar daar het helaas maar min daarvan tereg gekom vanjaar. Nog ‘n frustrasie rondom die Board is dat ek die nie-amptelike boekhouer van die Board is. Vir jare was daar min kontrole oor hoe en waarvoor geld wat van die regering of elders ontvang is, aangewend is. Daar was op ‘n stadium wel ‘n mate van boekhouding, maar vir ‘n paar jaar het dit agterweë gebly. Ek moes dus iets probeer uitwerk en is nog besig daarmee. Dit bly egter ‘n kopseer om vir elke transaksie die nodige stawende dokumente in die hande te kry.

Daar is darem ‘n paar hoogtepunte ook rondom die Education Board. Een daarvan is ‘n projek waarmee ons besig is op Hofmeyr om te help sorg dat hulle genoegsame water het. Twee manne is gehuur om ‘n put te grawe en dit is suksesvol gedoen. Volgende jaar, as daar fondse beskikbaar is, sal pype aangelê word en ook bedrading vir ‘n elektriese pomp (Hofmeyr gebruik sonkrag).

Ons “Education Secretary” mnr. Nkhata, en die hoof van Hofmeyr Skool, Ms. Mtonga, by die put wat gegrawe is. Die pomphuisie agter is teen die tyd ook al voltooi.

Verder was daar die suksesvolle hou van onderhoude vir hoof- en onderhoofposte. Dan – die groot hoogtepunt was dat ons vir ‘n naweek al die skoolhoofde, op twee na, van ons 15 skole kon bymekaarkry op Madzimoyo vir ‘n werkswinkel en waar daar gepraat kon word oor onderwysbeleid, wat die kerk van sy skoolhoofde verwag, administrasie prosedures, hantering van dissipline sake, geestelike programme en die aard daarvan by ons skole, ens. Dit was ‘n baie geslaagde en suksesvolle naweek.

Die deelnemers aan die hoofde werkswinkel op Madzimoyo. Almal was dit eens dat dit baie nodig was en in ‘n baie groot behoefte voorsien het.

Twee van die skoolhoofde, mnr. Gideon Banda (links) en mnr. Matthews Msimuko, het saam met ons na die grafte van sendelinge gaan kyk. Beide van hulle het op een of ander manier direk of indirek gebaat by oom Johanie Cronje, by wie se graf ons hier staan.

3. **Rafiki leermateriaal.** In ons vorige nuusbrief het ons genoem van die weeklange werkswinkel wat ons in April bygewoon het

en waar hulle (gewone) vakke aanbied vanuit ‘n Bybelse perspektief. Ons wil graag ‘n naweek saam met ons skoolhoofde reël waarin ons die saak verder kan bespreek en kan beplan rondom die toepassing en implementering daarvan. Ons het nou van die materiaal gekry wat hulle gebruik. Dis ons mikpunt om vroeg volgende jaar so ‘n byeenkoms te reël. Dankie aan diegene wat gereageer het op ons versoek vir fondse om so ‘n byeenkoms te reël.

4. **Alifas en Chola.** Hierdie is twee jongmanne in ons gemeente wat gekeur is om volgende jaar teologiese opleiding te ondergaan. Alifas vir opleiding as predikant aan Justo Mwale Teologiese Skool te Lusaka, en Chola as evangelis aan die Booth Centre, verbonde aan dieselfde Justo Mwale Teologiese Skool. Hulle is albei baie toegewyde kinders van die Here wat Hom dien met oorgawe. Ons het met hulle begin nader kennis maak en so af en toe kry ons ook ‘n gesprek met hulle in. Veral Alifas kom soms na ons toe met allerlei vrae. Ons probeer nie vir hom antwoorde gee nie, maar probeer om telkens te verwys na wat die Bybel sê. Soos baie jongmense hier het hy aanvanklik ‘n oorbeheptheid met die duiwel gehad en het hy selfs ‘n hele pamflet geskryf oor hoe die duiwel werk en oor Satanisme, ens. Hy het byvoorbeeld een keer in ‘n byeenkoms die stelling kwyt geraak dat “Christians who backslide are Satanists” Gelukkig was Christien by die byeenkoms gewees waar hy die stelling kwyt geraak het en het sy hom gestop. Agterna het hy ons kom sien en het ons ‘n lang gesprek gehad oor Satanisme en dat ‘n Satanis iemand is wat doelbewus kies om Satan te dien. Ons sê ook vir hom dat ons nie oor die duiwel moet opgewonde raak nie, maar oor die Here Jesus. Hy is die “sterker man” van Lukas 12 : 21-22 wat die duiwel oorwin het en mense verlos van die mag van die Bose. In elk geval, beide die jongmanne kom gesels graag met ons en is baie gretig om te leer. Ons bid dat hulle hulle ywer sal behou en die Here sal bly dien in nederigheid en afhanklikheid. Hulle is wel bietjie bekommerd oor hoe hulle finansiëel gaan regkom volgende jaar. Ons antwoord aan hulle is dat, as die Here regtig vir hulle geroep het om verder opgelei te word, sal Hy ook vir hulle voorsien, op die regte tyd en die regte manier. Ons kontak met die twee jongmanne is vir ons ‘n bemoediging want hier kan ons ‘n direkte inset lewer in die lewe van toekomstige leiers van die kerk hier in Zambië.

Laastens, voor ek afsluit, wil ons albei vir elkeen van julle diep uit ons harte baie dankie sê vir julle voorgesette belangstelling, voorbidding en ondersteuning, op watter manier ook al. Ons betreur dit dat ons so min gekommunikeer het vanjaar. Dit was net ‘n uiters vol jaar met baie min ruskans tussenin. Ja, die “rat race” is hier ook maar aan die gang, maar darem teen ‘n stadiger pas as in ander dele van die wêreld en in Suid-Afrika.

Mag Kersfees ‘n geleentheid wees waartydens die Here Jesus vereer en verheerlik sal word en mag julle almal in die Nuwe Jaar Sy vrede, vreugde en nabyheid ondervind, te midde van blydskap en hartseer, vreugde en swaarkry, of enige omstandigheid waarin jy jou mag bevind.

Met baie groot waardering en seënwense.

Bernard en Christien Odendaal.